UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
25 AUG 1964
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

**STEM SEKER! STEM VIR 12!**

**Dit is in u eie belang**


# Die Matie

**SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE**

(UIGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

Vol. XIX, No. 11 MAANDAG, 24 AUGUSTUS 1964 Prys 2½c


**ONTHOU DIE SIRKUS IS VANAAND IN DIE STADSAAL**

# DONDERDAG IS KIESDAG: SO MOET U STEM

## *21 Kandidate In Die Veld*

DIE STUDENTERAADSVERKIESING vind vanjaar op Donderdag, 27 Augustus plaas. Dit is die plig van elke lid van die Studente-unie om sy stem uit te bring. Die Studenteraad is die verteenwoordiger van alle studente, en daarom behoort die hele Studente-unie aan die verkiesing van hierdie liggaam deel te neem. Die reg om te stem is nie alleen 'n reg nie, maar ook 'n plig. Die Sirkus, waar u die geleentheid kry om persoonlik met die kandidate kennis te maak, en waar u ook aan hulle vrae kan stel oor hul beleide, vind vanaand om 7.30 nm. in die Stadsaal plaas.

Dit is van die grootste belang dat elke kieser volkome op hoogte van die stemprosedure is. Daarom word u versoek om die volgende instruksies noukeurig te bestudeer:

1. 'n Lid van die Studente-unie is stemgeregtig wanneer hy ten minste één semester lid van die Studente-unie was. Met dien verstande dat 'n persoon wat lid was, onmiddellik stemgeregtig sal word as hy weer lid word.
2. Die kieserslys bestaan uit lede stemgeregtig op nominasiedag.
3. Besware met betrekking tot die kieserslys word op verkiesingsdag by die voorsitter van die stembuskomitee gedoen; welke besware onmiddellik afgehandel word.
4. **Die verkiesing vind tussen 8 vm. en 3 nm. plaas by wyse van 'n stemming met geslote stembriefies.**
5. Onreëlmatighede in die stemming word onmiddellik by die voorsitter van die stembuskomitee aangemeld, wat sal handel volgens eie goeddunke.
6. **Elke lid sal nie minder as ses (6) en nie meer as twaalf (12) stemme uitbring nie.**
7. 'n Alfabetiese naamlys van die kandidate met 'n nommer by elke kandidaat word in die stemlokaal aangebring.
8. 'n Kieser stem deur die nommer van die kandidaat op 'n stembrief aan te bring.
9. Slegs die stembrief deur die stembeampte verskaf mag gebruik word.
10. **Elke kieser moet persoonlik in die lokaal stem.**
11. Die stemprosedure is as volg:
    (a) 'n Stembrief word gegee aan elke persoon wat sy naam verstrek en wie se naam op die kieserslys is. Sodra 'n persoon 'n stembrief ontvang het, word sy naam van die kieserslys geskraap.
    (b) Na stemming word die briefie in die geslote stembus, wat spesiaal vir daardie doel aangebring word, geplaas.
    (c) Elke kieser is geregtig op 'n nuwe blanko stembriefie by inhandiging van die een wat hy beskadig het, indien dit gebeur.
12. **Enige persoon kan deur die stembeampte versoek word om die lokaal te verlaat indien hy onnodig lank daar vertoef.**
13. Alle nuwe lede (d.w.s. eerstejaars en seniors wat vir die eerste maal op Stellenbosch ingeskryf is) sal op 'n **groen stembrief** stem, terwyl almal wat 'n jaar op Stellenbosch gestem het, op 'n **wit stembrief** stem.
14. 'n Kennisgewing van die verkose kandidate en die totale aantal stemme op elkeen uitgebring, saam met die persentasie stemme uitgebring, word as voorlopige uitslag aangebring onmiddellik nadat die tel van stemme voltooi is.
15. Indien enige lid van die Studente-unie beswaar het dat die verkiesing nie ooreenkomstig die bepalings van die konstitusie plaasgevind het nie, of dat die verkiesing om enige ander rede ongeldig is, handig hy sodanige beswaar binne vier-en-twintig (24) uur skriftelik by die voorsitter van die stembuskomitee in, wat die beswaar so gou moontlik aan 'n arbitrasiehof vir beslissing voorlê. Die beslissing van die arbitrasiehof is finaal en indien dit ten gunste van geldigheid van die verkiesing is, word die verkose Studenteraad geag gekies te wees vanaf daardie oomblik.
16. Indien daar geen beswaar skriftelik by die voorsitter van die stembuskomitee ingedien is, binne vier-en-twintig (24) uur na die bekendmaking van die voorlopige uitslag nie, word die verkose Studenteraad geag geldig te wees.

Baie dankie,
A. H. VAN WYK,
Stembuskonvenor.



**MNR. ANDREAS VAN WYK, stembuskonvenor vir vanjaar se S.R.-verkiesing.**

## Monstervergadering Verloop Kalm

DIE jaarlikse monstervergadering was seker een van die stilstes in jare. Die grootste deel van die aand is gewy aan die voorsittersverslag van die uittredende S.R.-voorsitter, mnr. Abraham Lückhoff. Ook die samestelling van die A.S.B.-afvaardiging na kongresse het ter sprake gekom, terwyl daar 'n lewendige bespreking oor die Langenhovengedenksaal en Gemeenskapsentrum gevoer is.

Die Voorsitter het in sy rede 'n oorsig gegee van die verwikkelinge op inter-universitêre terrein gedurende die afgelope jaar en ten slotte 'n paar beleidsaanduidende opmerkinge gemaak.

„Die verhouding tot die studente van ander universiteite bly steeds een van die belangrikste werksaamhede van die Studenteraad. Op hierdie terrein het daar vanjaar besonder baie skakeling plaasgevind en is in meer as een opsig 'n hoogtepunt bereik. Veral t.o.v. skakeling met die Engelssprekende studente word daar na Stellenbosch opgesien om leiding en ek is daarvan oortuig dat hierdie Studenteraad, wat die inisiatief agter die Nasionale Konvensie vir Konserwatiewe Studente

(Vervolg op bladsy 4 kol. 1)

## STUDENTERAADSVERKIESING

**Donderdag, 27 Augustus 1964**

**Vanaf 8 vm. — 3 nm.**

### STEMLOKALE

**N.B.: LEDE WAT KURSUSSE LOOP WAT DEEL VORM VAN MEER AS EEN FAKULTEIT MAG NET BY EEN LOKAAL STEM.**

| | |
|---|---|
| B.A. LETTERE EN WYSBEGEERTE<br>B.A. MAATSKAPLIK EN BIBLIOTEEKWESE | VAN DER STERR-GEBOU |
| HANDELSTUDENTE. | H. F. VERWOERD-GEBOU |
| NATUURWETENSKAPPE - STUDENTE.<br>B.SC. DIEETKUNDE.<br>M.B., CH.B. I & II.<br>DIPLOMA IN HOSPITAALKUNDE.<br>ARBEIDSTERAPIE.<br>B.A. VERPLEEGKUNDE<br>DIPLOMAKURSUS VERPLEGINGSONDERWYS | D. F. MALAN-GEBOU. |
| LL.B.<br>B.A. (REGTE).<br>B.COM (REGTE)<br>EN DRAMA-STUDENTE | OU HOOFGEBOU. |
| HUISHOUDKUNDE EN SPESIALE STUDENTE.<br>B.A. HUISHOUDKUNDE<br>B.A. (BEELDENDE KUNSTE)<br>B.A. KUNS | HUISHOUDKUNDE-GEBOU. |
| LANDBOUSTUDENTE EN VOEDSELTEGNOLOGIE. | J. S. MARAIS-GEBOU. |
| INGENIEURSTUDENTE. | INGENIEURS-GEBOU. |
| JOKL-STUDENTE. | LIGG. OPVOEDING GIMNASIUM. |
| MUSIEKSTUDENTE | KONSERVATORIUM. |
| BOSBOUSTUDENTE | NUWE BOSBOU-GEBOU. |
| MILITÊRE AKADEMIE-STUDENTE. | MILITÊRE AKADEMIE, SALDANHABAAI. |
| OPVOEDKUNDE-STUDENTE<br>L.S.O.D. I en II | OPVOEDKUNDE-GEBOU |
| KWEEKSKOOL-STUDENTE. | KWEEKSKOOL |

U SAMEWERKING EN DISKRESIE SAL WAARDEER WORD.

DANKIE,
ANDREAS VAN WYK,
Konvenor.

# HIER IS U KANDIDATE

## GIDEON ALBERTYN

**IVde JAAR**
**LL.B. IV**

**ONDERVINDING**
**1964: Lid van Eendrag-huiskomitee. Bestuurslid van S.A.A.K.**

**BELEID:**

1. Bewus van die geweldige potensiaal van die Studente-unie sal ek na die beste van my vermoë probeer om hierdie potensiaal deur organisasie, op Studenteraadsvlak, te stimuleer, koördineer en te laat voldoen aan die hoë eise wat gestel word deur die feit van ons student-wees.

2. As uitvloeisel hiervan sal ek
   (a) My beywer vir 'n herondersoek na die bestaansreg van verenigings en vir behoorlike samewerking tussen sulke verenigings.
   (b) Volgehoue en verantwoordelike protes teen owerheidsinstansies i.g.v. inkorting van die regmatige deelname van die studenteliggaam ten opsigte van sake wat die studenteliggaam raak.

3. Ondersoek na die moontlikheid van die stigting van 'n organisasie soortgelyk aan S.H.A.W.C.O.

## DAVE BEYERS

**VIde JAAR**
**B.A. B.Th. III**

**ONDERVINDING**
**1959 — 1961: C.S.V.-kringleier.**
**1960: Redaksie „Die Matie".**
**1963: Kunsredakteur „Die Matie"; Redaksie „Die Stellenbosse Student".**
**1964: Redakteur „Studentegids"; Subredakteur „Die Matie"; Lid van die Stellenbosse Universiteitskoor-bestuur; Intervarsitykomitee; Afgevaardigde na A.S.B.-kongres en A.S.P.U.-konferensie; Bestuurslid van A.S.P.U. (Afrikaanse Studentepersunie); C.S.S.B.-konvenor.**

**BELEID:**

1. Terdeë bewus van die hoë verantwoordelikhede wat aan lede van die Studenteraad gestel word, stel ek my ten volle tot diens aan die Studente-unie.

2. Ek sal my beywer vir samewerking tussen verskillende groepe aan ons Universiteit, ook tussen owerheid en die Studenteunie — met in agneming van die Christelike beginsels van die Afrikaanse student.

## AMANDA BOTHA

**IVde JAAR**
**B.A. HONS. (GESKIEDENIS)**

**ONDERVINDING:**
**1961: Lid N.P.-wyksraad.**
**1962: Lid, Junior Breëbestuur; lid, A.S.B.-Kunsfeeskomitee; lid, Intervarsity-subkomitee; damesleidster, N.P.-Studentetak; waarnemer, A.S.B.-kongres, Stellenbosch.**
**1963: Sekretaresse, Sielkundevereniging; redaktrise, Feeseksemplaar „Die Boskraai"; damesleidster, N.P.-Studentetak; sekretaresse, redaksie: „Die Pieke"; sekretaresse, redaksie: „Psigosoma"; lid, Huiskomitee, Huis ten Bosch; waarnemer, A.S.B.-kongres, Pretoria.**
**1964: Lid, A.S.B.-komitee (direktrise vir Publikasies); lid, redaksie: „Die Matie"; damesleidster, N.P.-Studentetak, sekretaresse, redaksie: „Die Pieke"; sekretaresse, Debatsbestuur; sub-redaktrise: „Die Stellenbosse Student".**

**BELEID:**

Bewus van die verantwoordelikhede en erns van die taak, sal ek, indien ek verkies word, my beywer om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien; om gesonde betrekkinge tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente te bewerkstellig en om die belange van die dames te verteenwoordig.

## WIM BOTHA

**IVde JAAR**
**B.A. HONNEURS (GEOGRAFIE)**

**ONDERVINDING:**
**1962: Redaksie „Die Matie".**
**1963: Redaksie „Die Matie"; Sekretaris Geskiedenisvereniging; Sekretaris A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-kongres te Pretoria.**
**1964: Redaksie „Die Matie" (A.S.B. en Interuniversitêr); Sekretaris Verenigingskomitee; Sekretaris Kleurekomitee; Sekretaris A.S.B.-komitee; Afgevaardigde na die A.S.B.-kongres te Potchefstroom; Voorsitter Geografievereniging.**

**BELEID:**

1. Dit is my strewe om die Studente-unie in alle opsigte na die beste van my vermoë te dien.

2. As mondstuk van die Studente-unie moet die Studenteraad sorg dra dat die L.G.S.-G.S. definitief in al die behoeftes van die studente voorsien en dat daar bowenal so spoedig moontlik met die bou 'n aanvang geneem word.

3. Die eenheid van ons studentegemeenskap moet ten alle koste bewaar word — ons is in die eerste instansie almal Maties. Daar moet dus hernude pogings aangewend word om óf een enkele omvattende Karnaval te reël óf geen Karnaval nie en iets anders in die plek daarvan stel waaraan alle studente gelyktydig deel kan hê.

4. Wat betref N.U.S.A.S., moet die Studenteraad voortaan, in ooreenstemming met die nuwe A.S.B. beleid, kragdadig in woord en daad hierdie volksvreemde elemente beveg.

5. As Afrikaanssprekende Universiteit moet ons egter altyd bereid wees om met ander universiteite, Engels of Afrikaans, te skakel sonder om eie beginsels en tradisies te versaak.

## DANNY CLAASEN

**IVde JAAR**
**LL.B. IV**

**ONDERVINDING:**
**1964: Tesourier van Juridiese Vereniging.**

**BELEID:**

Deeglik bewus van die hoë eise gestel aan 'n ampsdraer van die Studente-unie, sal dit my strewe wees om die karakter en beginsels van Stellenbosch te handhaaf en uit te bou; en die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.

## HERMAN COETZEE

**IIIde JAAR**
**B.COMM. III**

**ONDERVINDING:**
**1963: Lid van die Jnior Breëbestuur; waarnemer na A.S.B.-kongres, Pretoria; C.S.V.-kringleier**
**1964: A.S.B.-komitee; wyksraad van die Nasionale Party; afgevaardigde na A.S.B.-kongres, Potchefstroom.**

**BELEID:**

1. Die primêre funksie van 'n Studenteraadslid is om diens te lewer aan die Studente-unie. Daarom sal ek, wanneer dit van my verwag word, Stellenbosch se belange op 'n positiewe manier dien.

2. As Afrikaanssprekende universiteit moet ons bereid wees om met ander universiteite kontak te maak. Hierin mag eie beginsels en tradisies egter nie geïgnoreer word nie.

## C. J. (NEELS) DANNHAUSER

**B.Sc. B.ING. IV**

**ONDERVINDING:**
**1963: Huiskomitee, P.S.O.**
**1964: Primarius, P.S.O.**

**BELEID:**

1. Ek sal steeds in gedagte hou dat die Studenteraad die verteenwoordigende liggaam is van die Studente-unie en daarom die studente se belange aktief moet bevorder.

2. Ek besef dat die huidige toelaag van die owerhede aan die Studenteraad onvoldoende is om die finansiële verpligtinge van die Studente-unie na te kom en ek sal poog om die toestand in so 'n mate te bevorder dat die Studente-verenigings nie weer deur 'n gebrek aan subsidies daaronder sal ly nie.

3. Ek voel dat die huidige stelsel van koshuis-karnavaltjies die spontaneïteit van 'n sentrale karnaval regverdig.

4. Dit is my vertroue dat my optrede sal getuig van 'n Christelike opvoeding en agtergrond en dat ek die sienswyse van alle groepe van die Studentegemeenskap dienooreenkomstig sal respekteer.

## DANIE DU TOIT

**Vde JAAR**
**M.A. (FILOSOFIE) en B.Th. II**

**ONDERVINDING:**
**1961: C.S.V.-kringleier; voorsitter van Dagbreek se Juniorbestuur; lid van die Dagbreeksportkomitee; lid van die A.S.B.-komitee; woon die A.S.B.-kongres te Bloemfontein by.**
**1962: C.S.V. - koshuisverteenwoordiger; ondervoorsitter van die Sielkundevereniging; lid van die A.S.B.-komitee.**
**1963: Lid van „Die Matie"-redaksie; Huiskomiteelid van Dagbreek.**
**1964: Lid van die Studenteraad; sekretaris van die Uitvoerende Komitee; voorsitter van die A.S.B.-komitee; sekretaris van die Erekleurekomitee (universiteits-erekleure); leier van die U.S.-afvaardiging op A.S.B.-kongres te Potchefstroom; verkies tot direkteur van toere op die 1964—65 Hoofbestuur van A.S.B.; verteenwoordiger van die S.R. op die Stellenbosse F.A.K.-skakelkomitee.**

**BELEID:**

1. Terdeë bewus van die eise en verantwoordelikhede wat Studenteraadswerk meebring, is dit my vaste voorneme en opregte begeerte om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.

2. Dit is my strewe om ten opsigte van plaaslike organisasie die hoogs-moontlike mate van eenheid te probeer bewerkstellig in studente-geledere, aangesien eenheidsoptrede en daadwerklike samewerking onontbeerlik is vir 'n gesonde kern, en laasgenoemde is noodsaaklik vir die handhawing en uitbouing van die hoë prestige van ons Alma Mater.

3. Dis voorts my strewe dat Stellenbosch getrou sal bly aan die lewenspatroon en Christelike beginsels wat hom gemaak het wat hy is.

## A. S. (FLUFF) FULLARD

**IVde JAAR**
**B.A. (HANDEL) III**

**ONDERVINDING:**
**1962: Junior Breëbestuur.**

**BELEID:**

1. Ek sal die belange van sowel Engels- as Afrikaanssprekende studente op my hart dra en veral my daarop toelê om minderheidsgroepe se belange te beskerm.

2. Ek stel voor dat studente nie ipso facto lede van die A.S.B. word nie.

3. Die Studenteraad moet 'n meer beskermende rol teenoor die studente neem.

4. Meer geleenthede moet daargestel word vir die universiteit om as 'n geheel te fungeer.

5. Dat daar onmiddellik oorgegaan word tot die oprigting van die gemeenskapsentrum.

## BOY GELDENHUYS

**Vde JAAR**
**M.A. (FILOSOFIE), B.Th. I**

**ONDERVINDING:**
**1960: Wenner van die Junior Redenaarskompetisie.**
**1961: Direkteur van Werkverskaffingsburo.**
**1962—63: Wenner van die Wolnit-redenaarskompetisie; lid van U.S. Studenteraad; voorsitter, Karnavalkomitee; voorsitter, Komitee vir Openbare Betrekkinge; voorsitter, A.S.B.-komitee; voorsitter, U.S. Debatsvereniging; voorsitter, Admissiebond; afgevaardigde na A.S.B.-kongres te Pretoria; lid van Dagbreekhuiskomitee.**
**1963—64: Sekretaris van U.S. Studenteraad; sekretaris, A.S.B.-hoofbestuur; onderprimarius, Dagbreek; afgevaardigde na Interuniversitêre Studenteraadskonferensies te Grahamstad en Kaapstad; wenner van Interuniversitêre Redenaarskompetisie te Potchefstroom.**

**BELEID:**

Slegs twee beginsels wil ek uit my verlede haal om daarop te bou, om daarbinne my taak te verrig.

Die eerste is Geloof. Geloof in God die Skepper van alle dinge; geloof in my volk en geloof in my mede-student.

Die tweede is selfstandigheid. Om die eie te handhaaf teen die hand van die vreemde. Daarin is geleë die enigste weerstand teen die goedkoop nivelleringstendens in die wêreld vandag.

Hierdie beginsel van selfstandigheid impliseer nie die miskenning van kontak tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente nie. Juis is dit die norm waarvolgens die kontak moet plaasvind.

Dit stel voorop dat enige poging of middel tot samewerking wat die identiteit van die een of ander groep in gevaar bring, af te keur is, omdat dit noodwendig sal lei tot reaksie en verdeeldheid.

## FAF GERTENBACH

**KWEEKSKOOL II**

**ONDERVINDING:**
**1963: Debatsbestuur; Sangfeeskomitee; Stembuskomitee (sekr.); C.S.V.-koshuisverteenwoordiger.**
**1964: Onder-voors., Debatsbestuur.**

**BELEID:**

Bewus van die hoë eise wat die Studenteraad stel, sal ek die belange van die Studente-unie na die beste van my vermoë behartig. Hierin sal ek steeds Christelik-Nasionale beginsels handhaaf met inagneming van die menings van andersdenkendes. As sulks stel ek my tot u beskikking.

## KENAU HAVEMANN

**IIIde JAAR**
**B.A. (REGTE) III**

**ONDERVINDING:**
**1962: Wenner van Eerstejaarsredenaarskompetisie.**
**1963: Junior Breëbestuur; Komitee vir Openbare Betrekkinge.**
**1964: Debatsbestuur.**

**BELEID:**

Ek het vertroue in die Studenteunie en ek onderskryf die funksie van die Studenteraad as sy mondstuk. Ek glo aan die behoudende elemente in die lewe, maar ek glo ook dat 'n universiteit nie net 'n akademiese inrigting is nie. Dit moet ook ruimte bied vir gesonde jolyt en ontspanning.

Ek glo in die waardigheid van my mede-studente as mense, maar ook in die tradisies van my Alma Mater en dat 'n goeie Matie ten alle tye en op alle plekke lojaal sal wees aan die Universiteit van Stellenbosch en die Republiek van Suid-Afrika.

Met bogenoemde uitgangspunt onderneem ek om die belange van my mede-studente te bevorder met die leuse „Tot u diens."

## CLIFFORD HEYS

**VIde JAAR**
**B.Th. II**

**ONDERVINDING:**
**1961: Sekretaris van die Stembuskomitee; lid van die Stempelkomitee van**

die Intervarsitykomitee; C.S.V. - Koshuisverteen - woordiger.

1962: Sekretaris van die Publikasiekomitee; C.S.V.-koshuisverteenwoordiger; lid van die C.S.K.-bestuur; lid van die Juniorkomitee van die Huiskomitee van Huis Marais.

1963: Voorsitter van die C.S.K.-besuur; Tesourier van die Huiskomitee van Huis Marais; lid van die Verenigingskomitee; lid van die C.S.V.-bestuur; sekretaris van „Die Matie"; Tesourier van die A.S.B.-komitee.

1964: Lid van die Studenteraad, 1963/4; voorsitter van die Sangfeeskomitee; vise-voorsitter van die A.S.B.-komitee; lid van die Kunsfees-komitee; afgevaardigde na die Volkskongres oor Kommunisme te Pretoria, Maart/April 1964; afgevaardigde na die A.S.B.-kongres te Potchefstroom; verteenwoordiger van die Studenteraad op die F.A.K.-Skakelkomitee; lid van F.A.K.-subkomitee belas met ondersoek na Kultuurverenigings op Stellenbosch; Primarius van Huis Marais.

**BELEID:**

Ek stel my tot diens van die Studente-unie.

## PAT McLOUGHLIN

**IIIde JAAR**
**B.A. III**

**ONDERVINDING:**

**1964: Sekretaris, „Vires Unitatis"; verteenwoordiger op Konvensie van Konserwatiewe Studente te Kaapstad; tesourier van Nasionale Bestuur van die Federasie van Konserwatiewe Studente.**

**BELEID:**

1. Ek is bewus van die hoë eise en verantwoordelikhede wat die Studenteraad stel, en is bereid om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.

2. Ek wil as lid van die Nasionale Bestuur van die Federasie van Konserwatiewe Studente, en aldus as amptelike verteenwoordiger daarvan op Stellenbosch, groter samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekende konserwatiewes bewerkstellig deur die stigting van 'n tak van die Federasie op Stellenbosch.

3. Ek glo aan 'n konserwatisme wat streef na die handhawing van grondbeginsels, die sorgvuldige toetsing van nuwe dinge voor hulle aanvaar word, en 'n voortdurende vernuwing in diens van onveranderlike waardes.

4. Aangesien N.U.S.A.S. ruimte ooplaat vir kommunisme en linksheid in Suid-Afrika, steun ek die siening van die Federasie van Konserwatiewe Studente van N.U.S.A.S. as 'n bedreiging vir die bestaande orde in Suid-Afrika.

---

**Mnr. G. A. C. Pretorius het hom onttrek as kandidaat vir die verkiesing.**

---

## PIETMAN RETIEF

**IVde JAAR**
**B.A. (REGTE) III**

**ONDERVINDING:**

**1964: Huiskomitee, Simonsberg.**

**BELEID:**

Ek sal poog om te voldoen aan die eise wat die Studenteraad stel en om dus die Studente-unie tot die beste van my vermoë te dien.

Verder stel ek my ten doel om my deel by te dra tot die uitbouing van die aard en karakter van ons universiteit soos dit deur die jare hier gevestig is.

## D. L. RIBBENS

**LL.B. V**

**ONDERVINDING:**

**1961: Wyksraadslid, Studentetak van die Nasionale Party.**

**1963: Sekretaris, Eendraghuiskomitee.**

**1964: Primarius, Eendraghuiskomitee.**

**BELEID:**

Alleen in 'n hegte Studente-unie kan die individuele student tot sy volle reg kom.

1. Ek onderneem om hierdie unie se belange te alle tye eerste te stel.

2. En my te beywer vir die bevordering van sy welsyn.

## FANIE SCHOEMAN

**B.A. HON. (WYSBEGEERTE)**
**B.Th. III**

**ONDERVINDING:**

**1962: C.S.V.-kringleier; Polumnia-bestuur.**

**1963: C.S.B.-bestuur; Polumnia-bestuur; A.S.B.-Fakulteitskonferensie in Pretoria (lewer referaat vir Stellenbosch); subredakteur: „Saamsoek".**

**1964: Sekretaris, Polumnia-redaksie; A.S.B.-komitee; A.S.B.-kongres, Potchefstroom.**

**BELEID:**

In die gees van gekwalifiseerdheid in my objektiwiteit en opreg in my bedoelings verklaar ek my dienswillig die uwe in die behartiging van u belange.

## RIËTTE VAN DER VYVER

**B.MUS. III**

**ONDERVINDING:**

**1963: Konservatorium - komitee; C.S.V.-kringleidster.**

**1964: Minerva-huiskomitee (tesouriere); C.S.V.-bestuur (asst.-tesouriere); Konservatorium-komitee; Studentevaria-komitee.**

**BELEID:**

1. Ek sal die Studente-unie na die beste van my vermoë verteenwoordig en tot diens wees.

2. T.o.v. beleidsake sal ek my altyd laat lei deur die Christelike beginsels wat ek huldig.

## ERNST VAN DER WALT

**KWEEKSKOOL EN B.Th. II**

**ONDERVINDING:**

**1961: Tesourier, Junior Breëbestuur.**

**1963: Huiskomiteelid, Eendrag; C.S.V.-koshuisverteenwoordiger, lid van A.S.B.-komitee en afgevaardigde na A.S.B.-kongres.**


**1964: Onder-Primarius, Eendrag; afgevaardigde na A.S.B.-kongres.**

**BELEID:**

1. Bewus van die feit dat die Studenteraad hoë eise stel, stel ek my tot beskikking van die Studente-unie.

2. Dit is my strewe om die lewensbeskouing van die Afrikaanssprekende student te handhaaf en uit te bou, getrou aan ons Christelike beginsels.

3. Ek is ten gunste van samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente op interuniversitêre vlak deur middel van die Afrikaanse Studentebond en die Federasie vir Konserwatiewe Studente.




## HENNIE VENTER

**KWEEKSKOOL II**

**ONDERVINDING:**

**1962: C.S.V.-kringleier; Dagbreek-huiskomitee; Assistent-direkteur van Buitelandse Toere.**

**1963: Dagbreek-huiskomitee.**

**1964: Sekretaris, Dagbreek-huiskomitee; A.S.B.-komitee; Publikasiekomitee.**

**BELEID:**

1. Ek onderneem om te alle tye my beste tot diens van die Studente-unie te stel.

2. In my optrede sal ek altyd oordeel volgens die breë beginsels van ons Christelike beginsels en van wat in belang van ons volk sal wees.

3. Dit sal my strewe wees om in alles die belange van ons universiteit te dien.

## CHRISTO WIESE

**IIde JAAR**
**B.A. (REGTE) II**

**ONDERVINDING:**

**Matrikuleer 1958. Daarna boer en vir twee jaar aktief in besigheid. 1962 — werk by prokureursfirma.**

**1959: Afgevaardigde na Rotariër-Jeugkonferensie, Kaapstad.**

**1961: Bestuur van Upington se Afrikaanse Sakekamer; Afgevaardigde, Handelsinstituutkongres, Pretoria.**

**1962: Afgevaardigde, Handelsinstituutkongres, Kaapstad.**

**1963: Bestuur, Juridiese Vereniging.**

**1964: Debatsverenigingbestuur; Junior Breëbestuur; Wilgenhof-huiskomitee.**

**BELEID:**

In volle bewustheid van die eise en verantwoordelikhede van die Studenteraad, sal ek my daadwerklik beywer:

1. Om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien;

2. Om 'n basis van nouer samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente te verkry, op 'n grondslag waar hulle sonder prysgawe van eie beginsels kan saamwerk.

3. Om steeds die verhouding tussen die Universiteitsowerhede en die Studente-unie te verbeter tot voordeel van beide die studente en die universiteit as geheel.

# *S.R.-VERKIESING IN HEIDELBERG*

DIS nie net op Stellenbosch wat daar nou S.R.-verkiesing gehou word nie. In die jongste uitgawe van *Info*, die studentekoerant van die Universiteit van Heidelberg („Nachrichten für die Studenten der Ruperto Carola, Heidelberg") word 'n beroep op die studente van hierdie wêreldbekende Duitse universiteit gedoen om te stem in die verkiesing van 'n nuwe Studenteparlement.

Een parlementslid word gekies vir elke 200 studente. In totaal moet daar dus ongeveer 55 parlementslede gekies word. Hierdie „parlement" kies dan weer die 6 lede van die AStA („Allgemeiner Studentenausschuss", wat die eintlike Studenteraad vorm, en min of meer die rol van 'n kabinet teenoor die „parlement" speel).

**DWANG**

Aangesien baie van die dinge wat in *Info* gesê word, ook op Stellenbosch van toepassing is, vertaal ons 'n paar aanhalings daaruit: „Een van die dae word die 21ste Studenteparlement gekies: vry, direk en onafhanklik en, soos dit 'n ware demokrasie betaam, natuurlik d.m.v. geheime stemming . . .Ons kan u nie tot by die stembus dwing nie. Gelukkig beskik ons oor geen drukmaatreëls nie. Wie weet wat ooryewerige stembusbeamptes anders sou gedoen het om die stemgrafiek te laat styg! Ons kan niks anders doen as om 'n beroep te doen op u goeie verstand nie."

Dan gaan *Info* verder en noem al die dienste wat die AStA aan die studente lewer: die Mensa (Universiteitsrestaurant) word deur hulle bestuur, die studente kry afslag op buskaartjies, die AStA stel beurse beskikbaar, reël buitelandse reise, en agiteer vir meer koshuise, beter universiteitslokale, en vir algemene universiteitshervormings.

---

# *Dankie*

'n Woordjie van hartlike dank aan die lede van die Stembuskomitee, nl. mej. Helen Smalberger, mnre. Mike Feldman, Piet Schreve, Anton van Zyl en Mentone Botha, vir hulle pligsgetroue werk tot dusver, en ook vir dit wat hulle nog sal doen.

Hartlike dank ook aan die gewillige eerstejaars wat gehelp het met die opstel van die kieserslyste, en in besonder aan mej. Renate Witt vir haar aandeel.

A. H. VAN WYK.

# *Regstelling*

**Mnr. Fanie Schoeman skrywe n.a.v. die berig „Bekroonde werk onder bespreking", in „Die Matie" van 21 Augustus as volg:**

Hartlike dank aan die Redaksie vir die geleentheid om 'n delikate foutjie, wat ingesluip het, reg te stel.

Nee, 'n kunswerk word darem nie net „vir die kerk" gelewer nie. Almal het tog seker toegang daartoe — soos wat die ganse publiek die produk van 'n wetenskaplike navorser (van enige gebied) kan geniet en gebruik, of nie geniet nie, maar nie toegang het tot die ingewikkelde wetenskaplike basis nie.

Die letterkundiges is egter geneig om te vergeet dat daar wetenskaplikes op die gebied van die etiek ook is. Die hoofsaak hier is egter dat ons twee onversoenbare groepe kry: **Die Christelike** etikus kom in die beoefening van sy wetenskap tot die bevinding dat 'n immorele deel nie aangewend kan word vir die uitbouing van 'n „morele" geheel nie, dat die doel nie middele heilig nie, dat 'n mens nie so smerig kan wees as jy wil in 'n onderdeel, om die geheel 'n goeie strekking te gee nie, dat daar **'n morele, maar ook 'n immorele funksionaliteit kan wees.** Die **nie-christelike** etikus stem nie hiermee saam nie.

Nou is my mening: dat die erkenning of ontkenning van die verband van die resultate van die etiek met die resultate van die Letterkunde die Letterkundiges noodwendig in twee kampe verdeel. Die Letterkundiges word nl. i.o.m. hulle onderskrywing of hulle verwerping van bg. bevinding as 't ware vanselwers geklassifiseer in **christelike of nie-christelike Letterkundiges.** (Lg. hoef nie te beteken dat die betrokke Letterkundige nie 'n christen is nie.)

FANIE SCHOEMAN.

---

**Maak seker van u sitplek by die Sirkus. Kom vroeg!**

# STEM! VOTE! WÄHLEN SIE! VOTEZ! VOTA!

(Vervolg van bl. 1, kol. 3)

was, 'n nuwe era van studenteverhoudinge in Suid-Afrika ingelui het."

Hierna het hy daartoe oorgegaan om die situasie aan die begin van die termyn te skets: A.S.B. versus N.U.S.A.S. met geen sprake van samewerking nie en ook aangedui waarom daar geen samewerking kon wees nie. „Op watter grondslag moet die Afrikaanse student die leiers van N.U.S.A.S. vind? Hoe moet ek skakel met 'n vorige President van N.U.S.A.S. wat op my vraag hoe hy dit reggekry het om Ghana binne te gaan, erken het. ‚Oh, I signed the declaration against South Africa'. Ek het totaal niks in gemeen met 'n persoon soos mnr. Jonty Driver, President van N.U.S.A.S., wat nog onlangs te Botha's Hill verklaar het, ek siteer, ‚N.U.S.A.S. as a vehicle for creating international pressure against Apartheid: At the moment, it seems that N.U.S.A.S. would be better imployed in getting the national situation to the pitch which has been reached internationally, rather in increasing international pressure against Apartheid'."

### N.U.S.A.S.

„N.U.S.A.S. is ook geaffilieer aan die International Student Conference (I.S.C.) en op die onlangs gehoue konferensie in die buiteland—soos trouens feitlik elke jaar tevore—moes Suid-Afrika weer sterk onder die striemende kritiek van N.U.S.A.S. deurloop. Agter die naambord „Republic of South Africa" sit N.U.S.A.S. wat geen enkele poging aanwend om selfs een goeie woordjie vir Suid-Afrika te sê nie, want die I.S.C. het die slagveld van die liberaliste geword. Die stryd wat hulle in Suid-Afrika verloor het, wil hulle op die internasionale platform voortsit en hulle doen dit voor 'n geesdriftige gehoor."

„Dit was die situasie aan die begin van die termyn maar sedertdien het daar 'n groeiende verset teen en ontevredenheid met N.U.S.A.S. aan die Engelssprekende Universiteite ontstaan en anti-N.U.S.A.S.-splintergroepe kom tot stand. Hulle stel hulle op 'n besliste konserwatiewe basis. Daar was 'n duidelike kentering merkbaar en 'n swaai na die konserwatisme. Hierdie ontevredenheid het 'n hoogtepunt bereik met die Botha's Hill-dokument van mnr. Jonty Driver."

### KONVENSIE

„In die lig van al hierdie gebeure, het die Studenteraad van Stellenbosch besluit om 'n Nasionale Konvensie van alle konserwatisme. Hierdie ontevredenheid te op Stellenbosch te belê en opnuut te besin oor die rol van die student in Suid-Afrika en die skade berokken deur sekere studente-organisasies. Na onderhandelings met die Beleidsraad enersyds en die C.S.A.-bestuur te Kaapstad andersyds, is besluit om die Konvensie op Kaapstad te belê. Op Saterdagoggend, 8 Augustus, word die verskillende splinterbewegings in die Federasie van die konserwatiewe studente of Federation of Conservative Students (F.K.S. of F.C.S.) saamgesnoer."

„Seker vir die eerste keer in die geskiedenis van studentebetrekkinge in Suid-Afrika vir die afgelope dekade het daar nou 'n organisasie tot stand gekom waarmee die Studenterade van die Afrikaanse universiteite sal wil saamwerk. En dit is dan ook die alternatief wat ons bied vir die gedagte van 'n Suid-Afrikaanse Studentebond — en hierdie is inderdaad geen nuwe gedagte nie. Reeds in 1959, 1961 en ook verlede jaar het sodanige pogings op die pad van mislukking gegaan omdat die kloof tussen Afrikaans- en Engelssprekende so groot was dat dit net nie in een grondwet oorbrug kan word nie. Kompromië is vir albei groepe onaanvaarbaar."



„Auk, my kleinbaas en kleinnôi, stem vir my!"

„Toekomstige studenteverhoudinge in Suid-Afrika word as volg gesien: Samewerking tussen A.S.B. en F.K.S. op 'n konfederatiewe basis, met behoud van die identiteit en selfstandigheid van beide. Hierdie twee organisasies bestaan parallel en affilieer albei aan 'n Suid-Afrikaanse studenteliggaam met 'n koördineerde sekretariaat as Hoofbestuur."

Ten opsigte van skakeling met Engelse Universiteite het mnr. Lückhoff gesê: „Solank as wat die Studenteraad van Kaapstad volhou met hul basis van verteenwoordiging en solank as wat persone soos Kenneth Parker nog student aan daardie universiteit is, sal amptelike skakeling nooit enige vrugte afwerp nie."

„Op uitnodiging van die Studenteraad van Rhodes, het Stellenbosch 'n inter-Studenteraad-konferensie te Grahamstad bygewoon. Die studenterade van die ander Afrikaanse universiteite was ook verteenwoordig. Die konferensie het op 'n prakties-organisatoriese basis plaasgevind en interessante besprekings is oor velerlei aspekte van die studentelewe gevoer."



**MNR. ABRAHAM LÜCKHOFF, die uittredende Studenteraadsvoorsitter. Mnr. Lückhoff was die afgelope drie jaar studenteraadslid en was onder andere ook lid van die A.S.B.-hoofbestuur.**

Onder varia en vrae is veral aandag gewy aan die L.G.S.-G.S. en die A.S.B. 'n Bespreking is gehou oor hoe die afvaardigings na kongresse van die A.S.B. saamgestel word, en die mening is uitgespreek dat sodanige afvaardigings in die toekoms eerder deur 'n monstervergadering gekies moet word. Volgens die spreker sou dit studente aanmoedig om meer aktief te wees in die A.S.B., iets wat nie die geval is onder die huidige sisteem waar die S.R. die afvaardiging saamstel op aanbeveling van die A.S.B.-komitee nie. Hierop het mnr. Lückhoff geantwoord deur te sê dat dit 'n onpraktiese reëling sou wees. Die saak is toe daar gelaat.

### L.G.S.-G.S.

Ten opsigte van die L.G.S.-G.S. is 'n voorstel van mnr. Judge van Zyl, gesekondeer deur mnr. Willem Loock, eenparig aangeneem. Daarin word dit aan die nuwe Studenteraad opgedra om 'n petisie op te stel en deur soveel moontlik studente te laat onderteken, met die versoek dat 'n kompetisie vir argitekte uitgeskryf moet word om die mees geskikte ontwerp vir die Gedenksaal en Gemeenskapsentrum te vind. So 'n petisie moet dan aan die owerhede voorgelê word.

Mnr. Lückhoff is ook gevra watter stappe die Studenteraad gedoen het in verband met die uitsetting van sekere studente uit die universiteit gedurende die afgelope semester, en hoeveel studente uitgesit is. (Stem uit die gehoor: „Twaalf!"). Mnr. Lückhoff het verduidelik dat hy van mening was dat die redes deur die owerhede verstrek vir hulle optrede, heeltemal voldoende was.

So het die jaarlikse monstervergadering gekom en gegaan.

## *ONTHOU!*

Nie meer as twaalf, en nie minder as ses nie.

# *EENDRAG WEN WEER*

IN 'n baie spannende wedstryd wat by tye baie mooi rugby ook opgelewer het, het Eendrag daarin geslaag om hulle tweede oorwinning agtereenvolgens te behaal. Hulle het die Huis met 11 punte ('n drie, 'n doel en 'n skepdoel) teenoor 9 (2 skepdoele en 'n drie) geklop.

Die twee spanne het baie goed teen mekaar opgeweeg en Huis Marais moes die aftog blaas omdat hy verskeie kanse om punte aan te teken nie kon afrond nie. Die telling met rustyd was 3 punte elk.

### SKEPSKOPPE

Eendrag het eerste bloed geruik toe André van Rooyen na 'n strafskop met 'n skepskop slaag (3—0).

Kort hierna het Huis Marais op dieselfde wyse drie punte behaal toe Basson (heelagter) met 'n skepskop slaag.

Na rustyd het albei spanne lekker rugby begin speel en Huis Marais het weer kans gekry om punte aan te teken nadat Wynand Louw (flank) 'n vorentoe skoppie van Theart (losskakel) toegeval het. Die vervyfskop was mis. (Telling: 3—6.)

Eendrag het hard teruggeveg en nadat hulle 'n een man oor in die agterlyn bewerkstellig het, het Flooi du Toit sy man geklop en onder die pale gaan druk vir 'n baie netjiese drie wat deur Van Rooyen vervyf is (8—6).

Terwyl Die Huis nog aan die herstel was, het Eendrag se voorspelers enkele minute na die vorige drie, met 'n stormloop voor die dag gekom waarna Willem van Rensburg (voorry) oorgeval het vir 'n onvervyfde drie (11—6).

Hierna het Huis Marais reggeruk en het Basson 'n skepskop deur die pale gelig (11—9).

Die Huis het nou op Eendrag se doellyn geboer maar kon net nie deur nie en toe die eindfluitjie blaas was hulle nog steeds twee punte agter.

Uitblinkers wat die oog gevang het, was eerstens Wynand Louw (flank) wat oral op die veld was, Willie Theron (skrumskakel) en Bokkie Basson (heelagter) van Huis Marais, en van Eendrag André van Rooyen (heelagter en Van Blommenstein (losskakel).

Huis Marais moes die laaste deel van die tweede helfte sonder die dienste van Malan (senter) klaarkom wat sy been taamlik ernstig beseer het.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

